**21 Februarie**

**Skrifgedeelte: Johannes 11:17-32**
**Fokusgedeelte: Johannes 11:25, 26**

## Die opstanding en die lewe

Die betekenis van Lasarus se opwekking uit die dood kom treffend uit in een van Jesus se bekende “Ek is”-uitsprake (vs 25): “Ek is die opstanding en die lewe.” Geloof aan die opstanding is nie bloot ’n leer waaraan ’n mens vashou nie. Dit is geloof in Jesus Christus wat die opstanding en die lewe is!

Jesus sê vir Marta (vs 23) “Jou broer sal uit die dood opstaan.” Dit klink of haar antwoord uit ’n katkisasieboek kom, nie soos ’n lewende belydenis nie (vs 24): “Ek weet hy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan.”

Vir diegene wat egter in Jesus glo, is die opstanding en die ewige lewe ’n werklikheid – nou al. So ’n gelowige hét die ware lewe en dit loop deur tot in ewigheid. Selfs die dood kan dit nie keer of beëindig nie. Hy sál lewe, al sterwe hy ook!

*Sing: Skrifberyming 12-2:4, 5*

*Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*